

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> 2 KORINTIËRS 11 - 13
----------	------------------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (2 Korintiërs 11 - 13). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	<i>[VOORBEREIDING VIR DIE CHRISTELIKE HUWELIK]</i> (1) 2 KORINTIËRS 6:14
----------	-------------------------	---

Die sesde reeks (F) memoriseringsverse gaan oor "Voorbereiding vir die christelike huwelik". Die titels van die vyf Bybelverse is:

(1) Beide gelowiges, (2) Dieselfde lewensdoel, (3) Selfbeheersing, (4) Die regte tydstop, (5) Die regte prioriteite.

Mediteer, memoriseer en repeteer twee-twee.

(1) Beide gelowiges: 2 Korintiërs 6:14. "Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg?"

4	ONDERRIG (85 minute)	<i>[KERKLIKE SAKRAMENT]</i> DIE CHRISTELIKE DOOP
----------	----------------------	---

* = Hierdie Bybelverse sou jy moet lees.

Inleiding. Die leer met betrekking tot die christelike doop is 'n kontroversiële onderwerp in die christelike kerke. Hierdie studie help verskillende christelike kerke om te ontdek wat DIE BYBEL oor die doop leer en sodoende hul eie standpunte onder die vergrootglas te plaas. Ten slotte moet die leiers van 'n christelike kerk besluit watter klem hulle lê by die christelike doop. In hierdie studie leer ons veral wat die Bybel leer oor die betekenis van die christelike doop. In Supplement 1 leer ons veral wat die Bybel leer oor die praktyk van die christelike doop.

Die woorde: "*één doop*" (Efesiërs 4:5) is 'n verwysing na die bestaan van die christelike doop en die betekenis daarvan en nie 'n verwysing na die metode van die christelike doop nie. Die betekenis van die christelike doop word heel duidelik in die Nuwe Testament geleer. Maar 'n spesifieke tydstop en spesifieke metode vir die christelike doop word nêrens in die Bybel eksplisiet geleer, voorgeskryf of verbied nie.

A. DAAR BESTAAN VYF VERSKILLENDE VORME VAN DOOP	p. 1
B. DIE DOOP MET DIE GEES	p. 4
C. DIE BETEKENIS VAN DIE CHRISTELIKE DOOP	p. 6

A. DAAR BESTAAN VYF VERSKILLENDE VORME VAN DOOP GEDURENDE DIE EERSTE EEU N.C.

In die Bybel en vroeë christelike literatuur word die woord 'doop' (Grieks: baptizô) alleen in 'n rituele sin gebruik¹:

- van die Joodse rituele wassings (Markus 7:4; Lukas 11:38)
- van die doop van Johannes die Doper (Markus 1:8-9)
- van die christelike doop (as die sakrament van inwyding)(Handelinge 2:41; 22:16; 1 Korintiërs 1:14-17)
- en tipologies van die doop met die Gees (Markus 1:8)
- en van die oorweldiging deur die lyding (Markus 10:38) of die deurtog deur die Rooi See (1 Korintiërs 10:2).

1. Joodse proseliete het hulleself met water gedoop (vergeelyk Johannes 3:22-26; Hebreërs 6:2).

In die tydperk tussen die Ou Testament (die ballingskap na Babilon) en die Nuwe Testament (die eerste koms van Jesus Christus is baie nie-Jode (heidene) aangetrek deur die monoteïsme van die Judaïsme (vergeelyk Jesaja 44:6). Hierdie nie-

¹ A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian Literature, Bauer, Arndt and Gingrich, 1957

Jode het tot geloof in die God van die Bybel gekom en is 'vreemdelinge, of proseliete' (Handelinge 2:10) genoem. Die Griekse woord beteken dat hulle uit die heidendom 'oorgekom het'² na die Judaïsme.

Maar die christelike doop beteken nie dat iemand 'oorgaan' na 'n ander godsdiens nie!

(1) Die metode om 'n proseliet te word op die streng Joodse (rabbynse) wyse in die periode na die ballingskap was as volg:

- Die motiewe van die bekeerling na die Judaïsme is ondersoek en hy het onderrig ontvang van drie Joodse geleerdes.
- Hy is aan sy liggaam besny, as teken dat hy homself toegewy het om die wet te onderhou (Johannes 7:22-23; Galasiërs 5:3) en dat hy met sy ou (heidense) leefwyse gebreek het.
- Hy het 'n nuwe naam ontvang.
- Hy het homself gedoop met water deur 'n bad te neem.
- Die drie geleerde manne dien as getuies van sy doop en lees hardop uit die Skrifrolle tydens sy bad.
- Die gedoopte proseliet bring 'n brandoffer in die tempel in Jerusalem.
- Die aantal proseliete bly egter klein (vergelyk Matteus 23:15).

(2) Die metode om 'n proseliet te word op die Griekse (Hellenistiese) wyse in die periode na die ballingskap was as volg:

- Hierdie proseliete is aangetrek deur die monoteïsme van die Judaïsme en het aangesluit by die Judaïsme.
- Ook hulle het hulleself gedoop met water deur 'n bad te neem.
- Hulle het geluister na die voorlees (voordrag) van die Skrifrolle en die prediking in die sinagoge.
- Hulle het hulleself min of meer gehou aan die Joodse rituele wette. Maar daar was veral teenstand daarteen om besny te word aan hulle liggaam, die onderhouding van die Sabbat en die verbod van die eet van varkvlies.
- Hulle is 'proseliete' (Grieks: prosélutoi)(Handelinge 2:11; 6:5; 13:43) of 'vereerders van God' of 'Godvresendes' of 'aanbidders van God' (Grieks: sebomenoi) (Handelinge 13:43; 16:14; 18:7) genoem. Daar was baie heidene wat vereerders van God geword het en later Christene geword het.

2. Johannes die Doper het met water gedoop (Markus 1:8a; Handelinge 13:24; 19:2-4).

Johannes die Doper was die voorloper of wegbereider van Jesus Christus (die Messias). Hy het die eerste koms van Jesus Christus voorberei. Jesus Christus word hier "die HERE"³ genoem (Jesaja 40:3; Maleagi 3:1-2; Matteus 17:10-14; Johannes 3:28). Die doop van Johannes het die brug gevorm, enersyds tussen die Ou-Testamentiese rituele met water (reinigingsrites) en die doop van proseliete (heidene wat Jode geword het) met water in die periode tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament en andersyds die doop van Christene met water in die Nuwe-Testamentiese periode.

(1) Die verwagting van die groot reiniging.

Van die ballingskap af (die periode van die profeet Esegïël) het die Jode op die groot reiniging van God se volk gewag wat deur die uitstorting en ontvangs van die Heilige Gees gevolg sou word (Esegïël 36:25-28; 37:23). Volgens die Fariseërs sou net die Messias Self of sy spesiale ambassadeur 'die Profeet' soos Moses (Deuteronomium 18:18-19) of die profeet Elia (Maleagi 4:5-6) hierdie groot reiniging kon uitvoer, d.w.s., alleen Hy sou mog doop (Johannes 1:19-21).

(2) Die doop van Johannes die Doper met water was 'n voorbereidende gebeurtenis.

God het Johannes gestuur om mense met water te doop om hulle op die eerste koms van Jesus Christus voor te berei. Daarteenoor sou Jesus Christus Self die mense met die Heilige Gees doop.

'Die doop van Johannes die Doper' (Handelinge 19:3) was verbind aan die proseliete doop van Jode. Hy moes die mense oproep om hulle te bekeer van hulle sondes omdat die Messias aan die kom was (Lukas 3:3-14). Hy moes die mense wat hulle bekeer het met water doop as 'n sigbaar teken van hulle bekering (Handelinge 13:24) en die vergewing van hulle sondes (Markus 1:4). Die doop van Johannes het beteken dat hulle in 'n wesentlike verhouding tot Johannes die Doper gebring is wat die weg voorberei het vir Jode om in 'n noodsaaklike verhouding tot die Messias, Jesus Christus, te tree wanneer hulle later Jesus Christus aangeneem het (in Hom geglo het) (Handelinge 19:5). Daarom is hierdie doop ook 'die doop van bekering' (Handelinge 13:24; 19:4) genoem. Laastens moes Johannes ook aankondig dat Jesus Christus hulle sou doop met die Heilige Gees (Markus 1:8; Johannes 1:33)!

Die doop van Johannes was ook verbind aan die reinigingsgebruike in die Ou Testament (Johannes 3:25-26) of 'dooprituele' (Grieks: baptismoi) (meervoud)(Hebreeërs 6:2) in die Ou Testament. Die gelowiges in die Ou-Testamentiese periode het 'die skaduwee' ontvang (vergelyk Hebreeërs 10:1), die ritueel of seremoniële teken wat bestaan het uit *die uiterlike besprinkeling of wassing met water*. Hierdie 'skadubeeld' in die Ou Testament het vooruit gewys na 'die werklikheid' in die Nuwe Testament wat bestaan het uit *'n innerlike reiniging en werklike vergewing van sondes* wat hulle ontvang het wanneer hulle in Jesus Christus begin glo het (d.w.s. wanneer hulle met die Heilige Gees gedoop is).

Die eerste dissipels van Jesus Christus, byvoorbeeld Johannes en Andreas (Johannes 1:35-41), was deur Johannes die Doper met water gedoop. Later toe hulle Jesus Christus begin volg het, is hulle nie nog 'n keer met water gedoop nie omdat die christelike doop dieselfde beteken het as die doop van Johannes (Markus 1:4), naamlik, *die afwassing van*

² Grieks: proserchomai, proselélutha, prosélutos

³ "HERE" is die Naam van God (Eksodus 3:14-15)

hulle sondes (vergelyk Handeling 2:38; 22:16). Maar hulle is later wel gedoop met die Heilige Gees (Johannes 7:37-39; Handeling 1:5; 2:1-4).

(3) Die doop met water van Jesus Christus deur Johannes die Doper was 'n unieke gebeurtenis met 'n spesiale betekenis.

Jesus het Johannes die Doper aangespoor om Hom ook met water te doop (Matteus 3:14-15) om “aan die wil van God te voldoen”, d.w.s., om God se vereiste geregtigheid te vervul. Jesus is met water gedoop, nie omdat Hy 'n sondaar was en sy sondes afgewas (vergewe) moes word nie, maar omdat Hy gedoop sou word met die doop wat bestaan het uit die lyding aan die kruis (Markus 10:38). Christus het gekom om die sondes, van almal wat in Hom glo, op sy eie liggaam te neem en weg te dra (Jesaja 53:5-6; Johannes 1:29; 10:11; 2 Korintiërs 5:21; 1 Petrus 2:24; 3:18; Openbaring 5:9). Slegs op hierdie wyse kon en sou Hy die regverdige vereiste van die heilige en regverdige God vervul, naamlik, deur aan die kruis gestraf te word vir al die kwaad en sondes van die hele mensdom (die soenoffer te wees). Op hierdie manier het Jesus Christus die bediening van sy voorloper Johannes die Doper bevestig (vergelyk Jesaja 40:3), maar ook sy eie bediening bevestig, naamlik, dat Hy gekom het om vir die sondes van mense te sterf (vergelyk Matteus 1:21; Markus 10:45).

3. Jesus Christus doop met die Heilige Gees en met vuur (Matteus 3:11-12).

Die uitdrukking ‘doop met die Heilige Gees’ kom slegs sewe keer in die Nuwe Testament voor: vier keer as 'n aktiewe werkwoord met Jesus as die Doper en drie keer as 'n passiewe werkwoord met die gelowiges as dopelinge: ses keer met die Griekse voorsetsel ‘en’ as aanduiding van *die middel of instrument* (Matteus 3:11; Lukas 3:16; Johannes 1:33; Handeling 1:5; 11:16; 1 Korintiërs 12:13) en één keer in die derde naamval (datief) as aanduiding van *die middel of instrument* (Markus 1:8). Dus in al die sewe gevalle moet ons die woorde vertaal met: ‘doop met die Gees’⁴.

Dit beteken dat elke mens wat in Jesus Christus glo, “gedoop is met die Heilige Gees” (d.w.s. wedergebore is, gered is), maar ook dat alle mense wat ongelowig bly (volhard in hul ongelof), “gedoop sal word met vuur” (Matteus 3:11-12) (d.w.s. verdoem bly) (Romeine 8:1-2; vergelyk Johannes 3:18,36; 5:24-29). 'n Derde alternatief tussen geloof en ongelof bestaan nie!

Hoewel die doop met die Heilige Gees al in die Ou Testament in verband met die groot reiniging belof was (Esegiël 36:25-28) het dit geen verband met die doop van Johannes die Doper met water gehad nie (vergelyk Handeling 19:3-5), maar wél met die verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het. Die doop van Johannes die Doper was net 'n doop met sigbare water. Maar die christelike doop is in werklikheid 'n doop met die onsigbare Heilige Gees. In die christelike doop is die sigbare doop met water 'n teken en seël van die onsigbare doop met die Heilige Gees (Handeling 2:37-38; Handeling 10:47-48; Johannes 3:5)!

Hoewel die doop met die Gees, met die betekenis ‘die afwassing van alle sondes en die vergewing van sondes’, verwant is aan die doop van Johannes die Doper (Markus 1:4), kry die doop met die Heilige Gees sy volle betekenis alleen deur die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus (Romeine 6:3-4) en met die uitstorting van die Heilige Gees (Handeling 1:5). Die Heilige Gees is die Gees van Jesus Christus (Romeine 8:9-10). Deur die hele Nuwe-Testamentiese periode pas die Heilige Gees die verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het toe in die lewens van mense wat in Jesus Christus glo (vergelyk 1 Petrus 1:2).

Die christelike doop met die Gees dui die einde aan van die ou lewe en die begin van die nuwe lewe. Dit is die wedergeboorte en begin van die vernuwing van die gelowige. Die christelike doop met water simboliseer die onsigbare doop met die Heilige Gees – dus die feit dat iemand werklik tot geloof gekom het⁵ (Handeling 10:47-48).

4. Jesus en sy volgelinge word gedoop in die lyding (Markus 10:38-39).

Christene sal dieselfde “doop van lyding” ondergaan wat Jesus Christus ondergaan het. Let wel op die onvoltooide teenwoordige tyd van die werkwoord: die lyding oorweldig Christene telkens weer. Terwyl Christene éénmaal met water gedoop word, word hulle telkens weer deur onderdrukking en vervolging in die wêreld oorweldig. Deur sy lyding aan die kruis het Jesus Christus sy verlossingswerk heeltemal volbring: die sondes van gelowiges is heeltemal versoen. “Dit is volbring!”⁶ (Johannes 19:30).

Maar Jesus Christus ly nog steeds saam met alle Christene in die geskiedenis (deur die eeue) op die aarde wanneer hulle onderdruk en vervolg word. Christene “vervul in hulle liggame (vlees) wat oorbly van die verdrukking van Christus en sy Gemeente op aarde” (Lukas 9:23; 2 Korintiërs 1:5; Kolossense 1:24, 2 Timoteus 3:12; 1 Petrus 4:13). Hierdie verdrukking van Christene dra nie by tot die versoening van hulle sondes nie en sal eers beëndig word by die wederkoms van Christus.

⁴ A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian Literature, Bauer, Arndt and Gingrich, 1957

⁵ Naam-christene of kultuur Christene is niet wedergebore nie (is nie met die Gees gedoop nie)

⁶ Die werkwoord staan in die voltooid teenwoordige tyd: dit is volbring en bly tot in ewigheid volbring! Niemand en niks kan hieraan toevoeg nie!

5. Christene doop met water (Matteus 28:19).

(1) Die Christelike doop met water is 'n bevel.

Jesus Christus het die doop met water na sy dood en opstanding ingestel en verbind aan die opdrag om dissipels te maak van al die nasies (Matteus 28:19). Christene moet nuwe Christene (gelowiges) doop met water en nuwe Christene moet hulle laat doop met water. Dit is 'n bevel en daarom is daar geen ander opsie vir Christene nie.

(2) Die Christelike doop met water is 'n beslissende gebeurtenis.

Die Christelike doop met water is verbind met die doop met die Heilige Gees in die Nuwe Testament en met die besnydenis in die Ou Testament.

Enersyds word die doop met water verbind aan die doop met die Gees in die Nuwe Testament (Handelinge 2:38b-39; Handelinge 10:47-48). Die Christelike doop met water simboliseer veel meer as die doop van Johannes die Doper. Dit simboliseer nie net die bekering van sondes en die afwassing van alle sondes nie, maar ook die doop met die Heilige Gees, d.w.s., die vereniging met Jesus Christus, deel in sy verlossingswerk wat Hy volbring het, die wedergeboorte en lidmaatskap aan sy Liggaam (die Kerk/Gemeente), aan sy Koninkryk en aan sy verbondsvolk.

Andersyds word die Christelike doop verbind aan die liggaamlike besnydenis in die Ou Testament (Kolossense 2:11-13). Die Christelike doop met water (Handelinge 2:38a) is soos die liggaamlike besnydenis (Romeine 4:11-12) 'n teken en seël van die geregtigheid wat deur die geloof kom. Terwyl die liggaamlike besnydenis maar net 'n tydelike teken gedurende die Ou-Testamentiese verbondsperiode was (Genesis 17:9-14; Galasiërs 5:2-4; 6:12-15), is die doop met water 'n permanente (blywende) teken en seël van die Nuwe-Testamentiese verbondsperiode (Matteus 28:19; vergelyk Galasiërs 3:26-29).

(3) Die Christelike doop met water is 'n teken en 'n seël (vergelyk Romeine 4:10-11).

Die Christelike doop beteken (teken) en verseker (sertifiseer) (seël) die volgende:

- dat die gelowige met die Heilige Gees gedoop is (Markus 1:8), d.w.s., dat hy wedergebore is
- dat al die sondes van die gelowige afgewas is (Handelinge 2:38; 22:16), d.w.s., dat hy heeltemal vergewe is en in God se oë geregtig is
- dat die gelowige met Jesus Christus verenig is (Galasiërs 3:26) en deel het aan sy volkome verlossingswerk wat volbring is (Romeine 6:1-7)
- en dat die gelowige eens en vir altyd uit die mag van die duisternis (van die satan) in die Koninkryk van Jesus Christus ingetrek is (Kolossense 1:13) en in die Liggaam van Christus (die Kerk/Gemeente) ingelyf is (1 Korintiërs 12:13) en erfgenaam geword het van God se verbondsvolk (Galasiërs 3:26-29; 1 Petrus 2:9).

B. DIE DOOP MET DIE GEES

Daar is slegs één doop (Efesiërs 4:5)!

1. Die Christelike doop is in werklikheid 'n doop met die Gees.

Jesus Christus is die Hoof, Biskop (Opsier) en Herder (Pastor) van die Kerk/Gemeente (Efesiërs 1:22; 1 Petrus 2:25; 5:4). Net Jesus Christus doop met die Gees (*Matteus 3:11; Markus 1:8; Lukas 3:16-17). Die dissipels van Jesus Christus doop net met water (Matteus 28:19).

As ons die woord 'doop' in die Bybel bestudeer, moet ons 'n duidelike onderskeid maak (maar nie skeiding maak nie) tussen die doop met die Gees (wat God alleen doen) en die doop met water (wat Christene doen)!

2. Die doop met die Gees in die Bybelse onderrig.

Wanneer word mense met die Gees gedoop?

Die Bybel leer wat die soewereine werk van God is en wat die werk is waarvoor gelowiges verantwoordelik is:

(1) Die soewereine werk van God

Vóór die skepping van tyd (m.a.w. voordat tyd bestaan het) het God al besluit om aan gelowiges in Jesus Christus genade te skenk (2 Timoteus 1:9-11). In die tyd by sy eerste koms het Christus die Heilige Gees uitgestort op gelowiges (Johannes 7:37-39; Johannes 14:17-18). In die tyd, deur die hele geskiedenis heen tot vandag toe roep Christus deur die verkondiging van die evangelie mense na Hom toe. En in die tyd, deur die hele geskiedenis heen, red Christus mense deur die heiligende werk van die Gees en deur die geloof in die waarheid (2 Tessaloniërs 2:13-14). Daarom moet die volgelinge van Christus ook die evangelie verkondig in die hele wêreld (Markus 16:15).

(2) Die verantwoordelijkheid van die mens.

'n Mens moet die evangelie hoor, verstaan, aanneem (hom bekeer en in Christus glo), vashou aan Christus en met volharding vrug dra (Lukas 8:4-15). *In die tyd, wanneer 'n mens die evangelie hoor, kan hy glo (Romeine 10:17; vergelyk Handelinge 2:36-37). Geloof is 'n verantwoordelijkheid van die mens (Markus 1:14-15; Johannes 1:11-13; Handelinge 3:18). Nietemin is die egte geloof ook 'n gawe van God en nooit (nét) die werk ('n verdienstelike prestasie) van mense nie (Handelinge 13:48; 16:14; 18:27, Efesiërs 2:8; Filippense 1:29, 2 Petrus 1:1). As God nie eers iemand gestuur het om die evangelie aan jou te verkondig nie, sou jy nie tot geloof gekom het nie (Romeine 10:13-17).*

(3) Die gevolge van geloof.

Wanneer iemand die evangelie glo:

- *ontvang hy die Heilige Gees* (Handelinge 15:7-9; Galasiërs 3:2).

Ander maniere om dieselfde te sê, is:

- *hy is met die Gees gedoop* (Handelinge 11:14-18; 15:7-11)
- *hy is verseël met die Heilige Gees* (2 Korintiërs 1:22; Efesiërs 1:13; 4:30)
- *hy is gesalf met die Heilige Gees* (2 Korintiërs 1:21; 1 Johannes 2:20)

Maar ook die Heilige Gees is altyd 'n *gawe van God* (Handelinge 2:38; 10:45; 11:17; 15:8) en die *onderpand* (deposito, eerste uitbetaling) wat God gee om die volledige toekomstige erfenis te waarborg (2 Korintiërs 1:22; 5:5; Efesiërs 1:11-14).

Wat 'n gelowige dus ontvang is die Heilige Gees, die Gees van Christus, of Christus in sy hart (Romeine 8:9-10),

- *hy is weergebore*

Ander maniere om dieselfde te sê, is:

- *hy is uit God gebore of opnuut gebore of van bó gebore of deur die Gees gebore* (Johannes 1:12-13; 3:3-8)
- *hy is gered* (behou), d.w.s. *God het hom tot inkeer/bekering gebring om aan hom die (ewige) lewe te gee* (Handelinge 11:14,18)
- *hy het die Gees ontvang, sy hart is gereinig* deur die geloof en *hy is uitverkies tot redding* in heiliging deur die Gees en geloof in die waarheid (Handelinge 15:8-10; 2 Tessalonisense 2:13-14, 1 Petrus 1:1-2)
- *hy is verlos* deur die bad van die wedergeboorte (ANV: die wedergeboorte wat die sonde afwas) en die vernuwung deur die Heilige Gees (ANV: die Heilige Gees wat nuwe lewe gee). Die Heilige Gees het Hy oorvloedig oor ons uitgestort deur Jesus Christus, ons Verlosser (Titus 3:5-6).

Die apostel Paulus gee hoofsaaklik onderrig oor die doop met die Heilige Gees (Romeine 6:1-8; 1 Korintiërs 12:12-13; Galasiërs 3:26-29; Efesiërs 4:5; Kolossense 2:11-13).

3. Die doop met die Gees in die Bybelse heilsgeskiedenis.

Om gedoop te wees met die Gees het die eerste keer in die geskiedenis plaasgevind op Pinksterdag (Handelinge 1:5). Wat Jesus in Johannes 7:37-39 beloof het, is op Pinksterdag vervul!

In die Bybel word twee historiese gebeurtenisse in God se heilsgeskiedenis opgeteken waarin mense met die Gees gedoop is pas nadat hulle tot geloof gekom het en met water gedoop is. Waarom? Omdat beide gebeurtenisse te make het met die ontvouing van God se heilsgeskiedenis m.b.t. die Kerk/Gemeente:

- die eerste keer was omdat Jesus Christus nog nie verheerlik was nie (deur sy kruisiging, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging) (Johannes 7:37-39)
- die tweede keer omdat Jesus Christus die sleutels tot die Koninkryk van God aan sy apostels gegee het (Matteus 16:18-19).

Hierdie twee gebeurtenisse was volkome uniek in die heilsgeskiedenis. Hulle beskryf heilsgeskiedenis en gee geen onderrig m.b.t. die tyd wanneer die doop met die Gees sou moet plaasvind nie. Daarom mag hierdie twee Bybelgedeeltes ook nooit gebruik word om te 'bewys' dat die doop met die Gees "'n tweede seën" of "second blessing" is wat eers 'n tyd nadat 'n mens tot geloof in Jesus Christus gekom het, behoort plaas te vind nie.

(1) Die eerste Joodse Christene.

Die eerste Joodse Christene het tot geloof gekom en is met water gedoop jare voordat hulle met die Gees gedoop is. Hierdie ongeveer 120 Joodse dissipels (Handelinge 1:15) moes wag totdat Jesus Christus, die Hoof van die Kerk/Gemeente (Efesiërs 1:22) verheerlik is (d.w.s. totdat Hy na die hemel opgevaar het en die troon in die hemel bestyg het) voordat hulle met die Gees gedoop kon word. Eers daarna sou hulle met die Gees gedoop kon word (*Johannes 7:37-39; vergelyk 16:7-11). Na die verheerliking van Jesus Christus is hulle inderdaad met die Gees gedoop (Handelinge 2:1-21). Na Pinksterdag hoef gelowiges egter nie meer te wag op die doop met die Gees nie, omdat Christus al verheerlik is! Later, op dieselfde Pinksterdag het ongeveer 3000 nuwe gelowiges ook die Heilige Gees ontvang onmiddellik toe hulle tot geloof gekom het (Handelinge 2:36-39).

(2) Die eerste Samaritaanse (half-Joodse) Christene.

Die eerste Samaritaanse (half-Joodse) Christene het geglo en is met water gedoop voordat hulle met die Gees gedoop is. Hulle moes wag totdat die apostels van Jesus Christus as die fondament van die Kerk/Gemeente (Efesiërs 2:20) die deur van die Koninkryk van God of die Kerk oopsluit, voordat hulle ook met die Gees gedoop kon word (*Matteus 16:18-19; 18:18; Johannes 20:21-23). Toe die apostels Petrus en Johannes vir hulle gebed het, het hulle ook die Heilige Gees ontvang, d.w.s. is hulle ook met die Heilige Gees gedoop (Handelinge 8:4-17).

Jesus Christus het die fondament van sy Kerk in die geskiedenis van die wêreld op sy twaalf apostels gebou (Openbaring 21:14). Die apostels van Jesus Christus het die eerste gemeentes gestig onder die drie belangrike groepe van mense in die wêreld: die Jode (Handelinge 1-8), die Samaritane (Handelinge 9-12) en die heidene (Handelinge 13-

28)(vergelyk Handeling 1:8). Toe die fondament van sy Kerk eenmaal gelê was, is alle nuwe gelowiges met die Gees gedoop wanneer hulle tot geloof in Christus gekom het (Efesiërs 1:13).

(3) Die eerste heidense (nie-Joodse) Christene.

Die eerste heidense (nie-Joodse) Christene is met die Gees gedoop op die oomblik dat hulle tot geloof in Christus gekom het (*Handeling 10:47-48; 11:14-18; 15:7-11), omdat Jesus Christus al verheerlik was en omdat die apostel Petrus aanwesig was om die deur van die Koninkryk vir hulle oop te maak.

4. Die doop met die Gees vandag.

Na die geskiedkundige uitstorting van die Heilige Gees op die eerste Joodse gelowiges, die eerste half-Joodse gelowiges en op die eerste nie-Joodse gelowiges (vergelyk Handeling 1:8), word mense met die Gees gedoop wanneer hulle tot geloof in Christus gekom het (*Johannes 1:12-13; Handeling 5:32; 19:2; Galasiërs 3:2; *Efesiërs 1:13).

‘Gedoop word met die Gees’ is ’n sinoniem vir ‘weergebore word deur die Gees’ (vergelyk Johannes 3:3-8; Titus 3:4-8). Gedoop wees deur die Heilige Gees verbind Christene onlosmaaklik aan Jesus Christus en laat hulle deel in al die fases van die verlossingswerk wat Christus volbring het. Paulus het gesê: “Julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, (letterlik:) het julle met Christus bekleed” (ANV: het nou deel van Christus geword) (*Galasiërs 3:27).

5. Gedoop wees met die Gees en vervul wees met die Gees.

Efesiërs 1:13 leer dat ‘gedoop wees met die Gees’ ‘n eenmalige gebeurtenis is aan die begin van die nuwe lewe van ‘n Christen (die aoristus tyd verwys na ’n eenmalig gebeurtenis). Maar Efesiërs 5:18 leer dat ‘vervul word met die Gees’ ‘n voortgaande gebeurtenis is wat aanhoudend of telkens weer sou moet plaasvind in die lewe van ‘n Christen (die onvoltooide teenwoordige tyd wys na ’n voortdurende of herhalende gebeurtenis).

Wanneer ’n mens met die Gees gedoop word, kom die Gees vir die eerste keer permanent in die hart, liggaam en lewe van die nuwe gelowige woon en begin die gelowige deel kry aan al die fases van die verlossingswerk wat Christus volbring het (Romeine 6:1-7).

Maar wanneer ’n gelowige met die Gees vervul word, dan woon die Heilige Gees alreeds in sy liggaam. Dan kry die gelowige nie méér (d.w.s. ’n groter hoeveelheid) van die Heilige Gees nie, maar kry die Heilige Gees meer aspekte van die lewe van die gelowige onder sy beheer (Efesiërs 5:19-21).

6. Gedoop word met die Gees en gedoop word met water.

Dieselfde woord ‘doop’ (Grieks: baptizó) word gebruik om *die doop met die Gees* en *die doop met water* aan te dui. Gedoop word met die Gees is ’n onsigbare werklikheid van God se werk en gedoop word met water is die sigbare teken wat God aan die gelowige gee om hom te verseker dat hy inderdaad met die Gees gedoop is (Handeling 2:37-41; 10:47-48).

Wanneer mense die doop met water losmaak van die doop met die Gees ontstaan ’n on-Bybelse leerstelling. Dan verplaas dit wat die mens doen in die doop met water dit wat God doen in die doop met die Gees. Byvoorbeeld, sommige Christene leer dat die doop met water (van suigeling of volwassenes) deur die Kerk God se genade ingiet in die lewe van daardie mens en hom weergebore laat word. Wedergeboorte sou dan deur ’n mens bewerkstellig word.

En wanneer mense die doop met die Gees losmaak van die doop met water dan ontstaan daar ook ’n on-Bybelse leerstelling. Dan word die doop met die Gees iets anders as wedergebore word deur die Gees. Byvoorbeeld, sommige Christene leer dat die doop met die Gees ’n sogenaamde tweede seën of ‘second blessing’ is wat ’n tyd ná die wedergeboorte van ’n mens besondere krag en geestesgawes (soos die spreek in tale) aan die gelowige skenk. Die doop met die Gees is dan nie dieselfde as wedergeboorte deur die Gees nie.

C. DIE BETEKENIS VAN DIE CHRISTELIKE DOOP

Stel jouself altyd eers die vraag: “beteken die woord ‘doop’ in die Bybelgedeelte die doop met die Gees of die doop met water?”

M.b.t. die verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het, beteken die christelike doop om gedoop te wees met die Heilige Gees tot verlossing (Handeling 11:14-18)! Om gedoop te word met water simboliseer en verseël (bevestig) hierdie doop met die Gees (*Handeling 10:47-48).

M.b.t. die voortsetting van die ou verbond in die nuwe verbond, simboliseer en verseël die liggaamlike besnydenis in die Ou Testament (*Romeine 4:3,11-12) sowel as die doop met water in die Nuwe Testament (*Markus 16:16; Handeling 2:38-39; 22:16) *‘die regverdiging deur die geloof’* en dus *‘verlossing’*.

1. *Matteus 28:19 verwys na gedoop word met water.

(1) Wat moet daar gebeur?

Mense in alle volke wat tot dissipels van Jesus Christus gemaak is, moet deur ander Christene met water gedoop word in die naam van die Drie-enige God. Dis ’n bevel en geen opsie nie.

(2) Wat beteken dit?

Die uitdrukking: ‘in die naam van’ beteken nie ‘op gesag van’ nie, omdat die gesag al in die bevel van Christus gegee is. Die uitdrukking ‘doop met water ‘in die naam van’ (Grieks: *eis* to onoma) die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees simboliseer dat die gelowige deur die doop met die Gees verenig is met die Een wat hierdie Naam dra (die God van die Bybel). Matteus 28:19 dui aan dat iemand met water gedoop word as sigbare teken dat hy aan die Drieenige God behoort. Dit dui nie per se aan dat hierdie naam by die doop met water uitgespreek moet word nie, maar mag wel uitgespreek word. Die gelowige word nie in ’n verhouding tot Christus gebring wanneer hy deur ’n ander Christen met water gedoop word nie, maar wel wanneer Christus hom doop met die Heilige Gees. Hy word met water gedoop as ’n teken en seël (bevestiging) dat God hom met die Gees gedoop het. Die Gees is die Verteenwoordiger van die Drieenige God in die gelowige (Romeine 8:9-10; 1 Korintiërs 3:16).

God word nie beperk tot die grense van die geskape aardbol nie. Sy Goddelike natuur styg uit bo tyd en ruimte van die heelal en styg dus uit bo alle wetenskaplike en wiskundige beskrywings van die heelal. God styg bo die tyd in die heelal uit en kan as ’t ware sowel agteruit as vooruit beweeg op ’n oneindige tydlyn. Hy kan ook die geskape tydlyn wat alleen maar vooruit beweeg in die heelal raak of kruis. God het in Jesus Christus in die geskape tyd en ruimte van die heelal binne gekom. God gaan ook die geskape driedimensionele ruimte in die heelal te bowe en sy goddelike natuur kan voorgestel word as ’n eenheid (Markus 12:29) of as ’n meervoudigheid: Vader, Seun en Heilige Gees (Matteus 28:19).

In die Bybel het God Hom geopenbaar as een God met drie innerlike onderskeidings binne die eenheid van die goddelike natuur. Doop met water deur ’n ander Christen beteken en verseël (bevestig) die volgende:

- *Vóór die skepping* van die driedimensionele ruimte en tyd van die heelal het God, die Vader, die gelowige alreeds as sy seun of dogter aangeneem (Efesiërs 1:4-5).
- *Binne die geskiedenis* van die heelal het God, die Seun, al die sondes van die gelowige deur sy kosbare bloed (d.i. sy dood aan die kruis) afgewas (1 Petrus 1:18-19; 1 Johannes 1:7)
- *In die teenwoordige tyd* in die heelal laat God, die Gees, ’n mens wedergebore word (van bo/geestelik gebore word) (Titus 3:4-8), leef in hom, vernuwe hom, en maak hom as onderdaan ’n deelgenoot van alles wat hy objektief al in Christus besit. Die gelowige is al uitverkies, weergebore, en geregverdig. Nou word hy steeds meer heilig in sy lewe en karakter. Hy sal uiteindelik volkome verheerlik word (Romeine 8:29-30). Die nuwe gelowige groei as ’n dissipel en gaan uiteindelik meewerk om ander tot dissipels van Jesus te maak.

2. *Markus 16:15-16 verwys na gedoop word met die Gees.

(1) Wat moet daar gebeur?

Die Griekse woord ‘kai’ kan of ‘en’ (’n toevoeging) of ‘dit wil sê’ (’n verklaring) beteken.

Die evangelie moet verkondig word in die hele wêreld. “Wie tot geloof gekom het, ‘en’ gedoop is (met die Gees), sal gered word”. Of: “Wie in Jesus Christus glo, ‘d.w.s.’ gedoop is (met die Gees), sal gered word.” Maar wie nie glo nie, is nie met die Gees gedoop nie en sal veroordeel word. Daar staan NIE: “En wie nie gedoop is met water nie, sal veroordeel word” nie!

(2) Wat beteken dit?

Mense word nie gered (salig) as hulle deur mense met water gedoop word nie, maar alleen wanneer hulle deur Jesus Christus met die Gees gedoop word (Markus 1:8)! Mense word nie weergebore deur enige iets wat ’n mens doen nie, maar net deur wat God alleen doen (Johannes 1:12-13; 3:3-8)! Gelowiges word met water gedoop (deur ’n ander gelowige) as die sigbare teken dat hulle met die Gees gedoop is (deur Jesus Christus). Let wel, iemand wat nie met water gedoopt is nie, is nie verhinder dat hy as gelowige moordenaar aan die kruis op dieselfde dag nog met Jesus in die Paradys gekom het nie (Lukas 23:39-43)!

3. *Handelinge 2:37-41 en Handeling 22:16 verwys na gedoop word met water.

(1) Wat het daar gebeur?

Die Jode wat hulle bekeer het (d.w.s. wat in Jesus Christus geglo het en die Heilige Gees ontvang het), is deur ’n ander Christen met water gedoop “op die Naam van Jesus Christus”. Die uitdrukking ‘doop met water ‘op die naam van’ (Grieks: *epi* to onomati)⁷ Jesus Christus simboliseer dat die gelowige gedoop word op gesag van Christus, sy verdienstes en sy aansprake. Die gelowige word met water gedoop omdat hy sy vertrouwe plaas op Christus en sy verdienste, hom aan Christus verbind, die aansprake van Christus erken, die leerstellings van Christus onderskryf en hom daaraan wy om Christus te gehoorsaam.

Paulus het hom ook bekeer (hy het in Jesus geglo en het die Heilige Gees ontvang) en is drie dae na sy bekering (Handelinge 9:9) met water gedoop. In Handeling 22:16 word die uitdrukking gebruik “nadat jy sy naam aangeroep het” (Grieks: *epikaleomai* to onoma). Die uitdrukking ‘onder aanroeping van’ (Grieks: *epikaleomai*)⁸ die Naam van Jesus Christus beteken:

- erkenning van sy aansprake (op jou lewe)
- glo in sy leerstellings
- vertrou op sy voltooid verlossingswerk

⁷ Grieks: *epi* to onomati, letterlik: ‘op die Naam van’, maar die ANV vertaal ‘in die Naam van’

⁸ Grieks: *epikaleomai* to onoma, letterlik: “onder aanroeping van sy Naam”, ANV vertaal: “nadat jy sy Naam aangeroep het”.

- en toewyding aan sy diens

(Handelinge 9:14,21; 22:16; vergelyk Handelinge 2:21; Romeine 10:12-14; 1 Korintiërs 1:2).

Die persoon wat die doop uitvoer doop 'n nuwe gelowige op gesag van die bevel van Christus (Matteus 28:19) en die dopeling bely sy geloof in Jesus Christus: hy roep die Naam van die Here aan.

(2) Wat beteken dit?

Om gedoop te word met water is die sigbare teken en seël dat al die sondes van die gelowige afgewas is. “Maar julle het julle sonde laat afwas (die aoristus tyd verwys na 'n eenmalige gebeurtenis), julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God” (1 Korintiërs 6:11). “God ons Verlosser ... het ons verlos ... deur die wedergeboorte wat die sonde afwas en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus, ons Verlosser” (Titus 3:4-7).

Die woorde ‘afwas’ (Grieks apolouomai)(Handelinge 22:16; 1 Korintiërs 6:11) en letterlik: “bad” (Grieks loutron’) (ANV: afwas) (Efesiërs 5:26; Titus 3:5) verwys na die doop met die Gees wat deur die doop met water as uiterlike teken uitgebeeld word. Die nuwe gelowige is volledig vergewe, geregverdig of gered (vergeelyk Handelinge 15:7-9, hy het die Heilige Gees ontvang wat sy hart gereinig het).

4. *Handelinge 10:47-48 verwys na gedoop word met water.

(Letterlik): “Kan iemand soms die water weer (teenhou) (Grieks: kólouó), sodat hierdie mense wat net soos ons die Heilige Gees (*eens en vir altyd*) ontvang het (aoristus actief), nie (*eens en vir altyd*) gedoop sou word nie (aoristus passief)? Toe het hy beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus (met water) (*eens en vir altyd*) (aoristus passief) gedoop moet word.”

(1) Wat het daar gebeur?

Die nie-Jode (heidene) wat in Jesus Christus geglo het, is met water gedoop ‘in die Naam van’ die Here. Die uitdrukking ‘in die naam van die Here’ (Grieks: en to onomati) beteken dieselfde as ‘op die naam van die Here’: op gesag van Christus, deur geloof in Hom te bely, in 'n persoonlike verhouding met Hom te tree en gehoorsaamheid aan Hom te belowe. Die persoon wat die doop uitvoer, doop 'n nuwe gelowige op gesag van Christus (Matteus 28:19) en die dopeling bely sy geloof in Jesus Christus.

(2) Wat beteken dit?

Om gedoop te word met water is die sigbare teken en seël dat die gelowige met die Gees gedoop is. Hy het die Heilige Gees ontvang en is deur die Heilige Gees weergebore (vergeelyk Johannes 3:3-8; Titus 3:3-8).

5. *Romeine 6:1-8 verwys na gedoop word met die Gees.

“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus (*eens en vir altyd*) gedoop is (Grieks: baptizó) (aoristus passief), in sy dood gedoop is nie (Grieks: baptizó)(aoristus passief)? Deur die doop (Grieks: dia tou baptismatos) is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe (Grieks: sunthaptó) (aoristus passief), sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is (Grieks: egeiró) (aoristus passief), ons ook so 'n nuwe lewe kan lei (Grieks: peripateó) (aanvoegende wijs, aoristus). Want as ons met Hom (letterlik:) één plant (Grieks: sumfutos) (saamgegroe) geword het (Grieks: ginomai) (voltooid teenwoordige tyd), (d.w.s.) gelykgemaak geword het aan Hom in sy dood (Grieks: tó homoiómati tou thanatou autou), sal (toekomende tyd) ons sekerlik ook met Hom (één wees) in sy opstanding.”

Romeine 6 is NIE 'n leerstelling oor hoe daar met water gedoop moet word nie, maar is 'n leerstelling oor wat daar gebeur by die doop met die Gees! 'n Mens word nooit aan Jesus Christus verbind deur dit wat 'n mens doen nie (hom met water doop nie), maar alleen deur dit wat God doen (hom met die Gees doop)!

(1) Wat het daar gebeur?

Alle mense wat in Jesus Christus glo, word *eens en vir altyd* met die Gees gedoop in Jesus Christus en dus ook in sy dood. Die uitdrukkings: ‘in (Grieks: eis) Christus Jesus’ en ‘in (Grieks: eis) sy dood’ beteken: gebring word in 'n persoonlike verhouding met Christus en veral in sy dood. Die aoristus tyd verwys na 'n eenmalige gebeurtenis. En die dood van Jesus Christus is onlosmakelik verbode aan sy opstanding!

(2) Wat beteken dit?

Romeine 6:3-4 leer dat op die oomblik dat 'n mens met die Gees gedoop word (te same met sy geloof in Christus) hy verenig word met die dood en begrafnis van Jesus Christus twee duisend jaar gelede.

En Romeine 6:5-8 leer dat op die oomblik dat 'n mens met die Gees gedoop word (te same met sy geloof in Christus) hy verenig word met die opstanding van Jesus Christus twee duisend jaar gelede. 'n Mens wat met die Gees gedoop is, is verenig met die dood en die opstanding van Christus twee duisend jaar gelede. Die gelowige het dus al gesterf en het al opgestaan.

(3) Wat het gesterf?

Die ou natuur van die gelowige! Omdat die gelowige (deur die doop met die Gees) “*eens en vir altyd* (letterlik) één plant geword het met Christus, d.w.s., omdat “hy (deur die doop met die Gees) gelyk gemaak is aan Christus in sy dood (vers 5a), is sy ‘ou mens’ (d.i. sy onwedergebore natuur) (vers 6) *eens en vir altyd* met Christus gekruisig en is sy

'liggaam van die sonde' (d.i. sy ou menslike natuur wat beheer word deur die sonde) (vers 6) *eens en vir altyd* te niet (ongedaan) gemaak (magteloos, nutteloos gemaak en tot 'n einde gebring)⁹! Die mag van die sondige natuur (die inwonende sonde) is *eens en vir altyd* gebreek en die Christen is nie langer meer 'n slaaf van sy ou sondige natuur nie! Hoewel 'n Christen ('n gelowige wat met die Gees gedoop is) nog nie volmaak is nie en nog in bepaalde sondes val, bly hy nooit in die sondes lê nie! As hy wel in die sondes bly lê, kan hy nie 'n weergebore Christen wees nie (vergeelyk 1 Johannes 1:8 -2:2; 3:6-9 – die onvoltooide teenwoordige tyd dui op 'aanhou met/volhard in sonde')!

"Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde" (vers 7)." Letterlik staan daar: "Die mens wat *eens en vir altyd* gesterf het (aoristus tyd), *is voortaan geregverdig en vrygemaak van die (verslawende) mag van die sonde* (voltooide teenwoordige tyd). Die voltooide teenwoordige tyd druk 'n voortsetting van die bereikte toestand uit. Die gelowige ontvang die geregtelike staat van regverdiging (hy is vrygestel van die skuld en die straf vir die sonde; hy is vergewe) en die morele staat van heiligheid (hy is vrygemaak van die mag van die sonde)!

God se verklaring m.b.t. 'n vroeëre sondaar het *geregtelike* betekenis (Hy is vry van die *skuld* en straf van die sonde) en het *morele* betekenis (Hy is vry van die mag van die sonde)! Hy is vrygemaak en bly vry! Die gelowige (d.i. die persoon wat met die Gees gedoop is) mag gerus en verseker wees dat hy definitief geregverdig is, d.w.s. dat God hom die geregtigheid van Christus (wat Christus verwerf het) toegereken het. 'Toegereken' beteken: hom regverdig verklaar het, hom voortaan beskou en behandel as volkome regverdig en hom vrygemaak het van die verslawende mag van die sondige natuur! Die toekomstige tyd in vers 8 verwys nie na die toekoms nie, maar druk sekerheid uit: die gelowige wat met Christus gesterf het, leef nou baie seker met Christus!

Christus het eens en vir altyd vir die sonde gesterf (om die sonde van die sondaar van hom weg te neem en hom met God te versoen (vers 10, vergeelyk 1 Petrus 2:24; 3:18). Ook die Christen sterf m.b.t. die sonde (hy leef nie langer in die sonde nie) (vers 11-12, vergeelyk 1 Petrus 4:1-3). Hierdie "eens en vir altyd" breuk met die sonde is die identiteit/kenmerk van die Christen!

(4) Wat is opgewek?

Die nuwe natuur van die gelowige! Die nuwe gelowige het letterlik "één plant geword met Christus" (Romeine 6:5a)(Grieks: sumfutoi, saam gegroei) , d.w.s. hy is aan Christus gelyk gemaak, nie alleen in sy dood nie (Romeine 6:5a), maar ook in sy opstanding (Romeinen 6:5b). Daarom KAN, WIL en SAL die nuwe gelowige nou eens en vir altyd in 'n nuwe lewe wandel (Romeine 6:4) en sal sy liggaam later ook uit die dood opstaan (Romeine6:5). Omdat die Christen uit genade deur geloof verbind is aan Christus (Christus is die ewig Lewende)(Openbaring 1:18), KAN, WIL en SAL die nuwe gelowige teen die sonde bly veg en die sondige uitdrukkings van sy sondige natuur oorwin! Die toekomstige tyd in vers 5 druk nie iets in die toekoms uit nie, maar wel sekerheid!

(5) Die oorsaaklike verhouding tussen dood en opstanding.

Die dood en opstanding van Jesus Christus is onlosmaaklik met mekaar verbind (vers 5). So is ook die staat van geregtigheid en heiligheid van die Christen onlosmaaklik verbind met die nuwe lewensstyl van die Christen waarin hy regverdig en heilig leef. Elke Christen wat met die Gees gedoop is, het 'n nuwe staat (posisie) en 'n nuwe lewensstyl ontvang. Die dood en die opstanding van Christus maak die staat en die lewensstyl van die Christen absoluut seker! Die Christen is 'n nuwe skepping (2 Korintiërs 5:17) en kan, wil en sal die nuwe (regverdige en heilige) lewe uitleef!

Omdat 'n Christen met die Gees (d.i. die Gees van Christus)(Romeine 8:9-10) gedoop is, het hy deel aan die dood (en begraving) van Christus ten einde ook deel te hê aan die opstanding van Christus! 'n Christen kan nie deelhê aan die voordele van die dood van Christus nie, tensy hy ook deel het aan die mag van sy opstandinglewe. Enersyds kan 'n Christen alleen 'n heilige lewe lei as hy geregverdig is. 'n Mens kan nie heilig lewe sonder regverdiging nie! Andersyds kan 'n Christen nie geregverdig word tensy hy ook deel het aan die heiligheid van Christus en so 'n heilige lewe lei nie. 'n Mens kan nie geregverdig word sonder om heilig te leef nie (vergeelyk: Hebreërs 12:14)! Soos 'werke' bewys dat 'geloof' eg is (Jakobus 2:17,22), so bewys 'heiligmaking' dat 'regverdiging' waarlik gebeur het (Romeine 6:7,12-13,18-19)! 'Heilig' beteken 'afgesonder' van wat verkeerd en sondig is in die wêreld, ten einde 'toegewyd' te leef aan God se wil. In die Bybel is die staat (posisie) en die leefstyl (proses) van 'n Christen onafskeibaar! Die staat as 'n posisie sonder die leefstyl as 'n voortdurende proses is glad nie moontlik nie! So is ook 'n nuwe leefstyl sonder die staat van regverdiging in Christus onmoontlik! 'n Boom word herken aan die vrugte wat hy dra (Matteus 7:16-18)!

(6) Die belofte en die verantwoordelikheid.

Die Christen moet hom die belofte van God toe-eien. Hy moet homself as "dood vir die sonde", maar "lewend vir Christus" beskou (*Romeine 6:11). Hy is nie langer "onder die wet" nie, d.w.s., hy staan nie langer onder die oordeel om verdoem te word vanweë God se regverdige regseis teen sondaars nie (Romeine 6:14a; vergeelyk Galasiërs 3:10-14), maar hy is nou vir altyd "onder die genade", d.w.s., hy is vir altyd vergewe, en hy kan, wil en sal aanhou om in afhanklikheid van die genade van Christus te leef (Romeine 6:14b; vergeelyk Johannes 1:16-17; Galasiërs 4:21-31).

Die toewyding aan die verantwoordelikheid van die Christen. Die Christen moet homself toewy aan 'n regverdige en heilige manier van lewe (*Romeine 6:13,19; cf. 12:1-2). Die toe-eiening van die regverdige staat (die regverdiging) en die toewyding aan die heilige leefstyl (die heiliging) mag nie en kan nie in die christelike onderrig van mekaar geskei

⁹ Grieks: katargeó

word nie! Anders gestel: Jy kan nie in Jesus Christus glo as maar net jou Verlosser nie, sonder om aan Hom gehoorsaam te wees as jou Heer nie (vergelyk Lukas 6:46)!

(7) Gedoop wees met die Gees en met water.

Gedoop wees met die Gees (wedergeboorte) verenig Christene met Jesus Christus en met al die fases van sy verlossingswerk:

- vóór die tyd is die Christen al uitverkies
- en in die tyd word die Christen geroep, weergebore, geregverdig, geheilig en verheerlik (vergelyk Johannes 10:28; Romeine 8:29-30; Efesiërs 1:4; Filippense 1:6; 2:12-13).

Jesus Christus het die Verteenwoordiger van die Christen geword deur sy dood en opstanding (Romeine 5:17-19; 1 Korintiërs 15:22). Nou het die Christen deel aan die verlossingswerk van Christus wat Hy volbring het. Dít het 'n effek:

- op sy verlede: hy is weergebore en het 'n *regverdige en heilige staat (posisie)* voor God (1 Korintiërs)
- op sy hede: hy het ook 'n *regverdige en heilige leefstyl/leefwyse (proses)*: hy word voortdurend verander na die gelykenis (beeld) van Jesus Christus en word dus steeds meer heilig (Romeine 8:13; Galasiërs 5:13-26)
- en op sy toekoms: sy gees en sy liggaam sal aan die gees en liggaam van Christus gelykvormig word (1 Johannes 3:2; Filippense 3:21).

Om gedoop te wees met water is 'n teken en seël dat die gelowige deur die doop met die Gees in 'n ersoonlike verhouding met die dood en opstanding van Jesus Christus gebring is. Hierdie verhouding lei eens en vir altyd tot 'n breuk met die sonde en 'n omarming van die nuwe lewe. Die doop met water is veral die teken en seël dat die gelowige die regverdige staat (regverdig in God se oë) en die morele staat (heilig in God se oë) besit. Sy regverdige en heilige staat is onafskeidelik van sy teenwoordige *leefstyl/leefwyse* wat bestaan uit sy voortdurende heiligmaking en sy toekomstige verheerliking (vergelyk Romeine 8:30; Filippense 1:6; 2:12-13; Johannes 10:28). 'Verheerliking' beteken volledige gelykvormigheid aan Christus in gees (1 Johannes 3:2) en in liggaam (Filippense 3:21).

6. *1 Korintiërs 12:12-13 verwys na gedoop word met die Gees.

('n Beter vertaling as ANV) "Ook ons almal is immers *eens en vir altyd* deur één Gees tot één liggaam gedoop (Grieks: baptizó) (aoristus passief), of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die één Gees (Grieks: hen pneuma) deurdrenk (Grieks: potió) (aoritus passief)."

(1) Wat gebeur daar?

Alle mense wat in Jesus Christus glo, is vir eens en altyd gedoop met (Grieks: en) één en dieselfde Heilige Gees tot (Grieks: eis) één Liggaam. Die uitdrukking: "met één Gees" beteken dat die Heilige Gees uitgestort is op alle ware Christene en nou in hulle woon. Die uitdrukking: "tot één liggaam" beteken dat alle ware Christene in die wêreld behoort tot die één wêreldwye liggaam van Christus (die Kerk/Gemeente). Hulle is almal van één Gees deurdrenk, d.w.s. dieselfde Gees besit hulle en woon in hulle almal.

(2) Wat beteken dit?

Om gedoop te wees met die Gees (die wedergeboorte) verenig alle Christene in die wêreld met Christus (as Hoof) en ook met mekaar (as lede van dieselfde liggaam). Christene deel die lewe van Christus en die lewe van die liggaam van Christus deur die één Heilige Gees wat in hulle woon (1 Korintiërs 3:16; Efesiërs 2:22). Christene mag nooit van hulleself dink dat hulle geskei is van Christus of sy Kerk, of geskei is van ander Christene of hulle plaaslike gemeente nie.

Volgens die Bybel is daar in die ware christelike geloof hoegenaamd geen plek vir sektariese of net individualistiese onafhanklikheid nie! Daar is ook geen plek vir partyskappe of kerkgenootskappe in die liggaam van Christus nie (1 Korintiërs 3:3-4)! "Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe" (Efesiërs 4:3; vergelyk Johannes 17:21-23)!

7. *Galasiërs 3:26-29 verwys na gedoop word met die Gees.

"Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop (Grieks: baptizó) (aoristus passief) met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword (letterlik: het julle met Christus bekleed) (Grieks: enduomai) (aoristus medium). Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God."

(1) Wat gebeur daar?

Vers 27 AOV:... "want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed). Alle mense wat in Jesus Christus glo, is eens en vir altyd met die Gees in/tot (Grieks: eis) Christus gedoop, d.w.s. is deur die doop met die Gees in 'n wesenlike verhouding tot Christus gebring.

(2) Wat beteken dit?

Om gedoop te wees met die Gees verenig Christene uit alle volke (hetsy Jood of nie-Jood) met Christus en dus ook met mekaar. Alle ware Christene het hulle met Christus bekleed. Hulle het vir eens en altyd die nuwe mens aangetrek wat

ooreenkomstig die beeld van God geskep is in ware geregtigheid en heiligheid (Efesiërs 4:24). Saam is Christene uit elke stam, taal, volk of nasie nou die kinders van Abraham en erfgename van al die beloftes wat God aan Abraham en sy nageslag gemaak het. Hulle is nou 'n deel van God se één (Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese) verbondsvolk en het deel aan alle beloftes wat God ooit aan sy verbondsvolk gemaak het (2 Korintiërs 1:20).

8. *Kolossense 2:11-13 verwys na gedoop word in die Gees.

“Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny (Grieks: peritemnó) (aoristus passief), nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis van Christus, en dit bestaan in die wegneem (letterlik: uittrek) (Grieks: apekdusis) van die sondige natuur van die mens (letterlik: van die liggaam van die sonde van die vlees). Julle is immers met Hom begrawe (Grieks: sunthaptó) (aoristus passief) in die doop (Grieks: baptismos). Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek (Grieks: sunegeiró) (aoristus passief), omdat julle geglo het in die krag(tige werking) van God wat Hom uit die dood opgewek het (Grieks: egeiró) (aoristus actief). En Hy het julle, toe julle dood was in die oortredings en onbesnedenheid van julle vlees (ANV: deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie) saam met Hom lewend gemaak (Grieks: suzaopoeó) (aoristus actief) ...”

(1) Wat gebeur daar?

Daar is twee simbole: die besnydenis en die doop. Saam simboliseer hulle die dood van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

Die eerste simbool is die Ou-Testamentiese besnydenis: Alle mense wat in Jesus Christus glo is eens en vir altyd *geestelik besny* met die besnydenis van Jesus Christus (d.i. sy dood aan die kruis). Hierdeur het hulle hul sondige natuur (letterlik: die liggaam van die vlees) afgelê (uitgetrek). Christus besny die harte van mense deur sy Heilige Gees (*Romeine 2:28-29). Die simbool van die geestelike besnydenis lê die klem op *die sterwe of aflê van die ou sondige mens*.

Die tweede simbool is die Nuwe-Testamentiese doop: Alle mense wat in Jesus Christus glo is eens en vir altyd *geestelik begrawe en opgewek* met (die begrafnis en opstanding van) Christus in die doop met die Gees in samehang met hulle geloof (namelik in die krag van God wat Christus uit die dood laat opstaan het). Die simbool van die doop met die Gees lê die klem op *die opstanding van die weergebore of nuwe mens*.

(2) Wat beteken dit?

Die doop met die Gees (die wedergeboorte) verenig alle gelowiges met die dood en opstanding van Jesus Christus twee duisend jaar gelede. Hierdeur word hulle ou sondige natuur (wat veroorsaak het dat hulle geestelike dood was vóór hulle bekering, Efesiërs 2:1-3) weggesny en al hulle sondes afgewas (Handelinge 22:16), d.w.s. al hulle sondes is nou vergewe. Hierdeur ontvang hulle 'n nuwe (weergebore of van bo gebore) natuur wat die Heilige Gees beheer en hulle op elke terrein vernuwe.

Soos die dood van Christus nie van sy opstanding geskei kan word nie, so kan die verwydering van die mag van die ou onwedergebore natuur (deur *die besnydenis* van die hart deur die Gees) nie geskei word van die ontvangs van die nuwe wedergebore natuur (deur *die doop* met die Gees) nie!

Die christelike doop met water is enersyds die sigbare teken en seël van die geestelike besnydenis (die besnydenis van die hart deur die Gees) en andersyds die sigbare teken en seël van die geestelike doop (die doop met die Gees). Beide die dood van die ou natuur as die opstanding van die nuwe natuur is die werk van die Heilige Gees. En die onsigbare doop met die Gees word uitgebeeld deur die sigbare doop met water (vergelyk Markus 1:8; Handelinge 10:47-48)!

9. *Efesiërs 4:5 verwys na gedoop word met die Gees.

Net soos daar maar net één Gees, één Here en één God en Vader van alle gelowiges is, so is daar maar net één liggaam (Kerk/Gemeente), één geloof en één doop (Grieks: hen baptisma). Hierdie doop is die doop met die Gees deur Jesus Christus, omdat die doop met water nooit 'n mens met die Drie-enige God of met die Liggaam van Christus kan verenig nie!

10. Gevolgtrekkings met betrekking tot die christelike doop.

(1) Die betekenis van die doop met die Gees.

Die christelike doop is bo alles 'n gedoop word met die Gees.

Daarna is dit ook 'n gedoop word met water (Markus 1:8).

Die doop met water is die sigbare teken en seël van die onsigbare doop met die Gees (Handelinge 10:47-48).

Deur die doop met die Gees is die dopeling verenig met die Drie-enige God en met die Liggaam van Christus en deel hy nou in al die fases van die volbragte verlossingswerk van Christus wat 'n effek op sy verlede (wedergeboorte, regverdiging), op sy hede (heiligheid en heiligmaking) en op sy toekoms (verheerliking) het.

Die Bybel praat oor één doop (Efesiërs 4:5; 1 Korintiërs 12:13). Dit kan net verwys na die doop met die Gees waarsonder niemand met Christus verenig kan word nie (Romeine 6:3-7; Galasiërs 3:27; Kolossense 2:10-12), en niemand deel kan word van die Liggaam van Christus (die Kerk/Gemeente) nie (1 Korintiërs 12:12-13) en ook niemand wedergebore kan word nie (Johannes 3:3-8), geheilig kan word nie (Romeine 8:13; 2 Tessalonisense 2:13; 1 Petrus 1:2) of verheerlik kan word nie (2 Korintiërs 3:18; 1 Korintiërs 15:42-49).

Om gedoop te word met die Gees lei tot eenheid met Christus en deelhê aan sy verlossingswerk wat volbring is. Galasiërs 3:27 sê: “.. julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword” (AOV: “..julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed). Deur die doop met die Gees is die Christen onlosmaaklik aan Christus verbonde (Galasiërs 3:27). Hierdeur het Jesus Christus die Verteenwoordiger van alle Christene geword (Romeine 5:12,17-19; 1 Korintiërs 15:22). En hierdeur deel alle Christene nou in die verlossingswerk wat Christus volbring het, wat ‘n effek op hulle posisie in Christus, op hulle leefstyl in hierdie wêreld en op hulle toekomstige bestemming in die ewigheid (Romeine 6:3,5) het.

Om gedoop te wees met die Gees het ‘n effek op jou verlede.

- Jy is nou al weergebore (Kolossense 2:11-12; Titus 3:4-8). Jy is nou al ‘n nuwe skepping (2 Korintiërs 5:17). Jy is nou al geestelik gewend gemaak (Efesiërs 2:5).
- Jy is nou al geregverdig. Al jou sondes is nou al afgewas. Jy is nou al volkome vergewe (Handelinge 2:37-41; 22:16).
- Jy het nou al deel aan die volmaakte geregtigheid en heiligheid van Christus (1 Korintiërs 1:30; Efesiërs 4:24).
- Jy is nou al nie langer meer geskei van Christus nie (Efesiërs 2:12), maar jy is nou al in Christus (2 Korintiërs 5:17) en Christus is nou al in jou (Kolossense 1:27).
- Jy behoort nou al aan God se één verbondsvolk (Galasiërs 3:26-29; vergelyk 1 Petrus 2:9-10).
- Jy is nou al uit die mag van die duisternis oorgebring in die Koninkryk van Christus in (Kolossense 1:13). Jou burgerskap is nou al in die hemel (Filippense 3:20).
- Jy is nou al ‘n lid van die Liggaam van Christus: die Kerk/Gemeente (1 Korintiërs 12:12-13).

Om gedoop te wees met die Gees het ‘n effek op jou hede.

- Jy is met Christus gekruisig (Galasiërs 2:20). Die wêreld is vir jou gekruisig en jy vir die wêreld (Galasiërs 6:14). Jy hou jou ou natuur gekruisig en bly leef vanuit jou nuwe natuur. Dit lei tot daaglikse bekering en vernuwing.
- Met Christus op die troon van jou hart kan, wil en sal jy heilig lewe (Romeine 6:1-14). Jy groei steeds meer en meer na gelykvormigheid aan Christus.
- Jy is ‘n groeiende dissipel van Christus. Jy volg Hom en leer van Hom ten einde ‘n volwasse, funksionerende en volhardende Christen te word (Matteus 28:19).
- Jy neem deel aan die uitbreiding van God se Koninkryk en aan die take van die wêreldwye Kerk en die plaaslike gemeente (vergelyk 1 Korintiërs 12:12-13).

Om gedoop te wees met die Gees het ‘n effek op jou toekoms.

- Jy verlang daarna om ewig by Christus te wees (Filippense 1:23).
- Jou gees sal dan wees soos die gees van Jesus Christus in sy volmaakte menslike natuur (1 Johannes 3:2).
- Jou liggaam sal dan wees soos die liggaam van Christus in sy volmaakte menslike natuur (Filippense 3:21).
- Jy sal vir ewig saam met Christus en die hele Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese verbondsvolk van God op die nuwe aarde leef (Openbaring 21:1-5).
- Jy sal God sien in die gesig van Christus (Openbaring 22:4).

(2) Die betekenis van die doop met water.

Die doop met water is die sigbare teken en seël van gedoop wees met die Gees (Markus 1:8; Handelinge 10:47-48). Dit simboliseer om gedoop te wees met die Gees en bevestig dat die doop met die Gees inderdaad plaasgevind het.

(3) Die doel van gedoop wees met water.

Deur die doop met water gee God eerstens ‘n getuienis aan die dopeling (Matteus 28:19).

Deur die doop met water gee God in Christus deur middel van die persoon wat die doop bedien ‘n getuienis aan die dopeling! Die doper sê: “Ek doop jou (met water) in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees.” In die teenwoordigheid van ander mense gee God ‘n sigbare teken wat tegelyk ook ‘n seël is. Die doop met water beteken iets en verseker iets.

Doop met water is nie maar net ‘n godsdienstige seremonie of ‘n simboliese inlywing in Christus en in sy Kerk/Gemeente. Die doop met water simboliseer dat die doop met die Gees werklik plaasgevind het. Deur die doop met die Gees is die nuwe gelowige:

- werklik in die dood en die opstanding van Christus ingelyf
- werklik in die Liggaam van Christus (die Kerk/Gemeente) ingelyf
- en het hy deel aan die verlossingswerk wat Christus volbring het.

Die doop met water is ‘n sigbare teken en seël wat God aan die dopeling gee

- dat hy inderdaad met die Gees gedoop is (d.i. dat hy inderdaad die Heilige Gees ontvang het)
- dat hy met die Drie-enige God verenig is
- dat al sy sondes in die verlede, hede en toekoms vergewe is (d.i. dat hy volkome geregverdig en gered/verlos is)
- dat hy ‘n lid van die Liggaam van Christus (God se Koninkryk of God se verbondsvolk) is.

Let wel dat die doop met water nooit in die Bybel geassosieer word met lid word van ‘n plaaslike gemeente of ‘n spesifieke kerkgenootskap nie!

By die doop met water gee die dopeling ook 'n getuienis aan God en die ander mense (Handelinge 2:38; 22:16).

Tydens die doop met water lê die dopeling ook 'n getuienis teenoor God en die ander mense wat teenwoordig is, af. Die dopeling 'roep die Naam van die Here aan' (Handelinge 22:16) deur 'n gebed of 'n lied, deur openlik sy geloof in Jesus Christus en sy openbaring in die Bybel te bely of deur homself openlik toe te wy om God se Woord op 'n praktiese manier uit te leef.

Die doop met water is nooit 'n middel om die doop met die Gees (die ontvangs van die Gees) te bewerkstellig nie. Die doop met water is ook nie 'n middel om sondes weg te was nie.

Die doop met water is nie 'n middel om God se genade in die dopeling in te giet sodat hy instaat gestel word om goeie werke te doen waardeur hy geregverdig sou kon word nie. Die doop met water kan nooit wedergeboorte deur die Gees bewerkstellig nie. Die doop met water is nie 'n magiese ritueel nie.

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	--

Bid saam met mekaar in antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en tot God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	---

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n strokie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor "Die christelike doop" – saam met 'n persoon of 'n klein groeple mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Galasiërs 1 – 4. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. (2) Dieselfde lewensdoel: Amos 3:3. Repeteer elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 5. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor jou stiltetyd, memoriserings en hierdie opdrag in.